

Deon is 'n nuwe gesig in die  
musiekbedryf wat beslis  
dopgehou moet word.

**Deon**  
TERBLANCHE



Deon is 'n nuwe gesig in die SA musiekbedryf wat beslis dopgehou moet word. Die jong man van die Weskus steel harte orals waar hy gaan en die aanvraag vir sy eerste CD is groot.

Deon se droom as jong kind was om 'n ingeneer te word. Dit was eers na skool toe 'n vriendin hom hoor sing het dat hy begin voor mense begin sing het. Deon is iemand wat hou van leer en as gevolg het hy na skool begin sanglesse neem. In die tyd het hy begin plaaslik optree en vandag is hy trots om te se dat hy die verhoog gedeel het met verskeie hoe profile kunstenaars.

Deon wat al sy lewe lank in Saldanha woon het groot geword in 'n huis waar daar altyd musiek gespeel het. Sy ouers het hom blootgestel aan verskeie genres van musiek en dit het sy eie identiteit as kunstenaar help bevestig. Hy sing van Pop/Rock tot Country en kan deesdae spog met sy heel eerste Afrikaanse liedjie wat geskryf is deur een van SA se top liedjieskrywers, Wouter van de Venter.

Wouter het "Glinster In jou oe" verwerk in Fine Tune Studios in Langebaan en met sy aansteeklike melodie gaan die liedjie nog baie gehoor word. Hy is tans besig met opnames vir sy eerste CD wat teen middel van die jaar beskikbaar sal wees.

Deon is 'n gelukkige mens wat sy ouma as sy grootste inspirasie beskryf omdat sy met niks 5 kinders onderhou en ondersteun het. Hy is lief vir sy familie en lief daarvoor om nuwe mense te ontmoet. Hy het altyd tyd om met mense te gesels of the poseer vir 'n foto en is gewild onder oud en jonk.

Bespreek Deon vir jou funksie of fees – dis 'n Weskus seun met 'n passie vir musiek en baie om te bied!

***Besprekings & Navrae***

[bespreek@deon-terblanche.co.za](mailto:bespreek@deon-terblanche.co.za)

076 750 8986